www.forumsekuriteit.co.za

FORUM
SEKURITEIT

Vaardigheidsprogramme belyn met
Verdere Onderwys- en Opleidingsertifikaat:

SPESIALISSEKURITEITSPRAKTYKE

SAKO ID 57713: NKR VLAK 4
(SAQA ID 57713: NQF LEVEL 4)

Opleidingsbrosjure

DOEL VAN PROGRAMME

Hierdie vaardigheidsprogramme sal die leerder in staat stel om ’n doeltreffender diens te lewer wat tevredenheid van sowel kliënte as die gemeenskap sal verhoog en hulle in ’n posisie sal plaas om hulle missie uit te voer, naamlik om ’n veilige en bestendige omgewing te skep vir almal wat in Suid-Afrika woon en werk.

Dié opleidingsinisiatief word nie as een kwalifikasie aangebied nie, maar dien as algemene verduideliking vir die afsonderlike modules wat die leerder se kennis sal verskerp.
Forum Sekuriteit beveel wel aan dat die Spesialissekuriteitspraktyke-modules (SAKO-ID 57713) wel ná die voltooiing van die Algemene Sekuriteitspraktyke-kursus (SAKO-ID 58577) voltooi word.

PROGRAMUITKOMSTE

By voltooiing van hierdie programme sal leerders in staat wees om:

- sekuriteitsdienste aan kliënte te lewer;
- huidige wetlike vereistes te verduidelik en op hul eie gebied van verantwoordelikheid toe te pas (Gebied van verantwoordelikheid beteken die sekuriteitsgebied waarvoor die persoon verantwoordelik is);
- tot ’n veilige en bestendige omgewing by te dra; en
- met interne en eksterne kliënte te kommunikeer.

PROGRAMUITEENSETTING

Vaardigheidsprogram 1: Sekuriteitsdienste
Vaardigheidsprogram 2: Wetgewing
Vaardigheidsprogram 3: Leierskap en Toesighouding
Vaardigheidsprogram 4: Kliëntediens

DAAR WORD AANGENEEM DAT DIE VOLGENDE LEEREAREAS VOLTOOI IS

Kommunikasie op NKR-vlak 3
Wiskundige Geletterdheid op NKR-vlak 3
Rekenaargeletterdheid op NKR-vlak 3

ERKENNING VAN VOORAFLEER (EVL)

Die struktuur van hierdie leerprogramme maak daarvoor voorsiening dat voorafleer erken word, deur die assessering van individuele eenheidstandaarde. Hierdie leerprogramme kan dus in die geheel of gedeeltelik deur die erkenning van voorafleer behaal word, wat formele, informele en nieformele leer en werkondervinding insluit.
Indien die leerder bevoegdheid in die kennis, vaardighede, waardes en houdings implisiet in hierdie kwalifikasie kan toon, sal die gepaste krediete aan die leerder toegeken word. Erkenning van voorafleer geskied deur middel van ’n geïntegreerde assessering.

OPLEIDINGSMETODOLOGIE

Duur van opleidingsprogram

Vaardigheidsprogram 1: Sekuriteitsdienste (7 opleidingsdae + 1 portefeuljeboudag)

Vaardigheidsprogram 2: Wetgewing (6 opleidingsdae + 1 portefeuljeboudag)

Vaardigheidsprogram 3: Leierskap en Toesighouding (6 opleidingsdae + 1 portefeuljeboudag)

Vaardigheidsprogram 4: Kliëntediens (3 opleidingsdae + 1 portefeuljeboudag)

Die vaardigheidsprogramme sal deurlopend gefasiliteer word, d.i. die vloei van opleiding sal dwarsdeur die jaar versprei word in 'n vooraf bepaalde volgorde. 'n Kandidaat kan dus proaktief besluit vir watter eenheidstandaarde om elke jaar in te skryf wat bereiking van die krediete vir hierdie kwalifikasie moontlik sal maak.

Assessering: Assessering sal met gereelde tussenpose (formatief) asook aan die einde van die studietydperke (summatief) gedoen word en sal op 'n geïntegreerde wyse aangebied word. Die bereiking van toegepaste bevoegdheid van hierdie vaardigheidsprogramme sal getoon word as die leerder bedryfskennis en -vaardighede kan toepas om binne 'n gegewe sekuriteitsomgewing op te tree.

NKR-VLAK: 4

Krediete

Vaardigheidsprogram 1: Sekuriteitsdienste (30 krediete)

Vaardigheidsprogram 2: Wetgewing (18 krediete)

Vaardigheidsprogram 3: Leierskap en Toesighouding (32 krediete)

Vaardigheidsprogram 4: Kliëntediens (8 krediete)

TEIKENGROEP

Hierdie vaardigheidsprogramme is ontwerp vir mense wat op operasionele vlakke in die sekuriteitsomgewing werk en meer as elementêre sekuriteitsfunksies wil verrig. Leerders sal in sekere sekuriteitsaspekte kan spesialiseer of sal kan kies om in toesighoudende rigtings in hierdie bedryf te beweeg. Slaging van hierdie vaardigheidsprogramme sal impliseer dat mense wat in die sekuriteitsomgewing werksaam is, in die toekoms die nodige kennis, vaardighede en ingesteldhede sal hê om professioneel op te tree. Dit sal ook verdere loopbaanpaaie vir mense in die sekuriteitsbedryf oopstel en loopbaangeleenthede bevorder. Hulle vermoë om beleide en prosedures te ontwikkel en te bestuur, sal verbeter word.

VOORDELE

In die sekuriteitsektor bestaan daar 'n behoefte om mense op operasionele vlak in die sekuriteitsomgewing te ontwikkel. Die vaardigheidsprogramme weerspieël die werkplekgebaseerde behoeftes van die veiligheid-in-die-samelewing-sektor wat deur werkgewers en werknemers ondervind word, vir huidige sowel as toekomstige doeleindes. Dit sal bydra tot die opheffing van die veiligheid-in-die-samelewing-sektor en sal 'n standaard stel vir professionaliteit in die bedryf. Dit sal ook help om die samelewing se persepsies van die mate van integriteit en sake-etiek in die veiligheid-in-die-samelewing-sektor te verbeter, veral die sekuriteitsomgewing.

KONTAK ONS:

E-posadres: opleiding@forumsekuriteit.co.za

FORUM
SEKURITEIT